Jaarverslag van die Hoërskool Montagu 2022

INHOUDSOPGAWE

1. Skoolhoof se verslag
2. SBL bedanking
3. OSK se verslag
4. Akademie
5. Kultuur & Leierskap
6. Sport
7. Grond en Geboue
8. Dissipline
9. Waardes
10. Koshuis
11. Slotopmerkings en Vooruitsigte 2023

Geagte Ouers

Dit is met groot dankbaarheid teenoor alle partye betrokke by Hoërskool Montagu dat die jaarverslag van 2022 saamgestel kan word. Dankie aan elke persoon wat met die skryf van die jaarverslag ‘n bydrae gelewer het om, dit wat die jaar in en om Hoërskool Montagu plaasgevind het, weer te gee. Die skryf van die jaarverslag is egter een kant van die saak, maar die harde werk wat deur personeel, leerders, ouers/voogde en die gemeenskap gedoen is, verdien die eer.

Daar is soveel waarop ons kan trots wees en elkeen se bydrae en toewyding is van onskatbare waarde om ‘n beter, uitnemende skool vir die toekoms te bou.

Die hooffokus van Hoërskool Montagu is om ‘n gebalanseerde opvoeding aan elkeen van ons leerders te verskaf en daarom plaas ons die klem op akademie. Ons is in oorvloed geseën met ‘n bekwame personeelkorps met diverse kennis en vaardighede om te verseker dat die kurrikulum tot die beste van ons vermoë en in die beste belang van al ons leerders suksesvol gelewer word.

Dankie vir elke ouer/ voog se bydrae. U hulpverlening agter die skerms, betrokkenheid by sport en funksies en u finansiële ondersteuning aan ons skool word waardeer. Sonder u kan Hoërskool Montagu nie suksesvol wees nie.

Ons het ‘n span van baie toegewyde ouers/voogde op ons Skoolbeheerliggaam. Hulle onbaatsugtige diens en belangstelling in ons kinders se opvoeding neem baie van hul opoffering en tyd in beslag. Hulle is hoogs bekwaam en aanvaar elke uitdaging met entoesiasme. Ons dank u daarvoor.

Soos ons 2022 se einde nader, moet ons reflekteer oor die jaar se gebeure om perspektief te kan kry oor al ons moeite en harde werk. Dit was ‘n suksesvolle jaar met vele aktiwiteite en prestasies. Ek wil graag ‘n paar uitlig:

- Aanbieding van ons eerste en een van vele toekomstige top 20 akademiese aande.
- Ons het vele toekennings verwerf by die jaarlikse Montagu Jeugkunstefees.
- Ons het ‘n nuwe sport, bergfietsry, suksesvol geïmplementeer om meer geleenthede aan ons leerders te verskaf.
- Rugby O/17 neem deel aan die nasionale sewes toernooi op Loftus Versveld, Pretoria.
- Ontwikkeling van die landboutuin in twee nuwe hokkievelde.
- Verdere verbeteringe, projekte en prestasies sal in hierdie jaarverslag vervat word.

Ons visie, missie en waardes moet altyd ons basis wees waarvolgens ons seker maak dat ons leerders groei en ontwikkel tot volwaardige burgers van Suid-Afrika.

Mnr. J. T. Benadie
SKOOLHOOF

2. SKOOLBEHEERLIGGAAM (SBL)

Hierdie liggaam se ondankbare diens word nie altyd na waarde geskat nie. Die kennis en kontakte waaroor die SBL kollektief beskik, stel ons in staat om met min geld baie gedoen te kry.

Ons innige dank aan hierdie groep ouers en personeellede wat soveel vir die skool beteken.

Die lede van die SBL in die huidige termyn is:

Mnr. H. Gous	(Voorsitter)
Mnr. W. Nel	(Onder-Voorsitter)
Mnr. P. Olivier	(Tesourier)
Mev. H. Coetzee	(Sekretaresse)
Mnr. C. Hanekom	(Ouer)
Mev. L. van Deventer	(Ouer)
Mev. A. Malgas	(Ouer)
Mev. J. Beukes	(Onderwyspersoneel)
Mev. L. Ferreira	(Onderwyspersoneel)
Mnr. J. Benadie	(Skoolhoof)
Mev. L. Lewis	(Nie-onderwys personeel)
Mnr. C. Carstens	(Hoofleier)
Me. N. Strauss	(Hoofleier)

3. OSK JAARVERSLAG

Die Ondersteunersklub het verskeie projekte aangebied: ‘n Motiveringsgeleentheid en ete is vir die graad 12-leerders aangebied, Matriek A-kandidate en die top presteerder in die Matriekklas ontvang ‘n kontantbedrag as beloning, finansiële bydraes tot winter sporttoere, asook bydraes vir provinsiale- en nasionale prestasies in verskeie sportsoorte. Die Ondersteunersklub het op 26 Februarie 2022, hul jaarlikse gholfdag by Montagu Gholfklub aangebied. Soos in die verlede, was dit ‘n baie suksesvolle dag. Baie dankie aan al die donateurs en borge vir al die skenkings en vir almal se betrokkenheid. Interskole is tuis aangebied. Die geleentheid is gebruik om ekstra fondse in te samel en die dag was ‘n reuse sukses. Daar het ‘n behoefte ontstaan vir ekstra kleedkamergeriewe en ‘n groter snoepwinkel tydens sportgeleenthede. Daarom is die Ondersteunersklub huidiglik besig met die Voerkraalprojek. Ons wil ouers aanmoedig om betrokke te raak by die Ondersteunersklub: ’n Betrokke ouer is ’n gelukkige ouer en kweek sodoende gelukkige kinders.

4. AKADEMIE

4.1 MATRIEKUITSLAE 2021:

Ons is voorwaar baie trots op die Matriekklas van 2021! Die uitslae van 2021 vergelyk met die beste uitslae van 2004, 2017 en 2020. Ons matrieks van 2021 lewer puik prestasies, **8 leerders met gemiddelde A-simbole**.
Verder behaal hulle ook die uitsonderlike prestasie deur ’n 100% slaagsyfer te behaal! Wat die uitslae van 2021 verder besonders maak, is die feit dat 81% van die matrieks toelating tot verdere onderwys en opleiding behaal. Voorwaar ’n prestasie om op trots te wees!

Waar die progressienormleerders Nasionaal ’n 38% slaagsyfer het, behaal ons ’n 89% (16 van die 18) slaagsyfer vir die progressienormleerders (leerders wat tot matriek gevorder het met 4 vakke waarin hulle 30% behaal het in graad 11 en wat reeds in graad 10 of 11 gedruip het).

Baie geluk aan die Matriekklas van 2021! Julle uitslae is puik en ons is baie trots op elkeen van julle! Julle het bewys dat niks ’n Montie kan onder kry nie!

Ons top 10 kandidate is soos volg:		**Gemiddeld**
1. Ankia Ellis	(7 Onderskeidings)	89%
2. Mechyla Schoeman	(6 Onderskeidings)	87%
3. John Wright	(6 Onderskeidings)	86%
4. Wendy Visser	(6 Onderskeidings)	84%
5. Dirk-Louw van der Westhuizen	(5 Onderskeidings)	83%
6. Cobus Nel	(5 Onderskeidings)	83%
7. Zindi van Zyl	(4 Onderskeidings)	81%
8. Tanika Crafford	(4 Onderskeidings)	80%
9. Line Stemmet	(4 Onderskeidings)	79%
10. Joshua Blacklaws	(2 Onderskeidings)	74%

Baie dankie aan ons toegewyde personeel en Beheerliggaam vir al die ekstra tyd, energie en liefde vir ons leerders. Baie geluk aan elke ouer /voog met u kind se pragtige uitslae. U het rede om trots te wees!

4.2 WKOD-SISTEMIESE TOETSE:

WKOD Sistemiese Toetse
Op Donderdag die 20ste Oktober vind die jaarlikse WKOD se sistemiese toetse vir ons graad 9’s plaas.
Al die graad 3’s, 6 en 9 leerders van publieke skole in die hele Wes-Kaap neem deel aan hierdie toetsing. Die leerders sal toetse aflê in Wiskunde en in Tale.

4.3 UITSLAE GRAAD 8 – 12:

Ons leerders werk hard en gee elke dag net hul beste. Puik prestasies is behaal in elke graad. Hier volg die top 20 presteerders (in alfabetiese volgorde) aan die einde van kwartaal 3:

Graad 8: Jacobus Beukes, Sergio Burger, Elissa Conradie, Mia Dettbarn, Tsenré Ernest, Euwaycia Eyberg, Ehrin Fortuin, Joël Gordon, Peter Hattingh, Zaywon Kana, Caitlin Koker, Regard Krause, Janae Le Roux, Thezmee Lekay, Conli Maake, Ruby-Rose O'Shea, Emma Olivier, Mieke Olivier, Jadelyn van Wyk en Anja Wolfaardt

Graad 9: Tanya Brand, Minette Buys, Emma Carstens, Robyn Conradie, Suné Geldenhuys, Linathi Gxagxa, Jomar Hanekom, John Hattingh, Camron Jansen, Tasneem Jansen, Lieschen Joka, Halle Joseph, Richard Knipe, Siyambonga Lirafu, Kezia Malgas, Sias Meyer, Jaywin Noemdo, Amy-Leigh Shirley, Mikayla Theron en Kylie Wiid.

Graad 10: Liani Beetge, Nina Beukes, Chelsea Booysen, Nicholas Brunings, Stefanie Burger, Chriszaan Conradie, Derencia Cyster, Petri Fourie, Rossouw Kriel, Ruan Marais, Tertius Olivier, Bronley Pearson, Anané Saunders, Franco Stemmet, Jana Strydom, Gabriel Telford, Nicole van der Walt, André van Deventer, Edrick van Zyl en Arno Wright

Graad 11: Cameron Adonis, Brayden Baartman, Ewan Coetzee, Anri Gous, Zoë Hahndiek, Jean-Piere Matthee, Carlene Mazenge, Raynard Mitchell, Willem Nel, Marno-lee Oerson, Ann-Lumey Pieterse, Carli Prins, Carlene Segelaar, Geriant Segelaar, Nina Stemmet, Tayliah Strydom, Christiaan Swart, CJ van der Walt, Bernadette Visser en Antoinette Willemse.

Graad 12: Jaylee-Ann Antonie, Chris Carstens, Eben Carstens, Franco de Kock, Thomas Gordon, Blessings Jaji, Brooklyn Kiewiets, Janie Marais, Nathan Meintjies, Chearl-Pierre Moses, Hannechia Moses, Nadia Naudé, Philip Olivier, Sheldon Pokwas, Nienke Strauss, Esma Swanepoel, Hugh Swanepoel, Neline Swart, JG van Deventer en Henrechia Wiese.

Top presteerders in graad 12:

Franco de Kock 95,6%	JG van Deventer 85,3%	Nienke Strauss 83,9%
Philip Olivier 81,4%	Janie Marais 79,4%	

Ons is saam met hul ouers/ voogde trots op die leerders wat skitterend presteer het. Ons glo dat met volgehoue harde werk deur die leerders tesame met ons toegewyde opvoeders en ondersteuning van ons ouers, ons leerders selfs nog beter sal kan presteer en dat die akademie van Hoërskool Montagu elke jaar net nog meer kan verbeter.

4.4 EKSTRA KLASSE:

Personeel skep geleenthede en is beskikbaar vir ekstra klasse. Ons fokus is veral die kernvakke, maar die ander vakke se personeel is ook beskikbaar. Leerders moet self met hulle reël – die onderwysers help graag. ‘n Winterskool is aangebied in sekere vakke om leerders te help met moeilike konsepte. Moontlike druipelinge is geïdentifiseer om hul vraestelle oor te skryf om sodoende die werk beter onder die knie te kry.

4.5 AANLEGTOETSE:

GRAAD 9 VAKKEUSE

Op Dinsdag die 6de en Donderdag die 8ste September het oom Kobus Wium aanlegtoetse met ons graad 9's kom aflê met die oog op moontlike vakkeuses en loopbaankeuses vir hul graad 10 jaar en na skool.
Alles het baie goed afgeloop en oom Kobus het dan ook hul aanlegtoets resultate op die 21ste September beskikbaar gestel. Ouers en leerders kan nou hierdie inligting gebruik om hul te help met hul vakkeuses vir volgende jaar.
Op die 13de Oktober vind daar ook 'n graad 9 vakkeuse aand plaas, waar ouers en leerders teenwoordig moet wees. Oom Kobus gaan ook die dag beskikbaar wees, indien ouers 'n gesprek met hom wil voer oor die leerders se resultate.

4.6. TOP 20-AKADEMIESE FUNKSIE:

TOP-20 AKADEMIESE FUNKSIE

Die Top-20 Akademiese funksie is vanjaar ingestel om erkenning te gee aan leerders wat uitstaande akademiese prestasie lewer. Die Top-20 akademiese presteerders in elke graad ontvang elke kwartaal 'n balkie gedurende 'n spog-funksie. Die top vyf presteerders se name en gemiddelde word ook bekend gemaak.

5. KULTUUR & LEIERSKAP

5.1 KULTUUR

Die kultuur by HSM is lewendig en volstoom aan die gang.

- MEKKA – Gedurende die eerste kwartaal het HSM 'n baie suksesvolle Kultuuraand gehou waar leerders hul talente met die gehoor gedeel het. Dit was 'n baie genotvolle aand en die skoolkoor het vir die eerste keer opgetree.
- KULTUURWEEK – In die tweede kwartaal is leerders aan verskeie aktiwiteite blootgestel en beide die onderwysers en leerders het dit geniet. Die fokus was op deelname en om kultuur te bevorder.
- MONTAGU JEUG KUNSTEFEES – Verskeie van die leerders het deelgeneem en uitstekende resultate behaal in skryfkuns, poësie en drama.
- KOOR – Die skoolkoor tree ook op tydens die Kunstefees en behaal Goud. Hul word ook uitgenooi om tydens die NG kerk se Kerssangdiens op 27 November op te tree. Die koor sal ook tydens die prysuitdeling optree.
- INDABA – Die skoolkoerant word twee maal per jaar uitgegee. Die eesrte uitgawe was in Junie en die tweede uitgawe sal in November wees. Die skoolkoerant bevat aktuele nuus oor die skool en personeel en die redaksie kry die geleentheid om hul joernalistieke vaardighede te ontwikkel. Mev. Brits is aan die stuur van sake met Zoë Hahndiek as redaktrise.

- DRAMA – Mev. Retha Pool begin tydens die derde kwartaal met drama. Leerders word die geleentheid gegun om ook hier hul talente te ontwikkel. Die leerders word verder blootgestel aan die Wes-Kaapse streeksfinaal van die ATKV tienertoneel in die Baxter teater in Kaapstad.
- REDENAARS – HSM het knap en selfversekerde sprekers. Nienke Strauss is aangewys as die senior wenner. Kezia Malgas is die junior wenner.
- SPELLING BEE – Vir die eerste keer word ‘n Spelling Bee aangebied vir beide die juniors en seniors. Leerders vaar goed. Die Senior Spelling Champ is Geriant Segelaar en die junior, Ruby Rose O’Shea.
- SENIOR PUBLIC SPEAKING – die eerste in HSM. Die wenner was Nienke Strauss.
- CSV - Die CSV is een van die aktiwiteite wat die Monties koester en bewaar. Daar was 56 kringleiers onderleiding van Ds. Rupert. Die hoofleiers het gereeld tydens saalbyeenkomste geopen met skriflesing en gebed en hul goed van hul taak gekwyt. Daar was ook verskeie gassprekers wat die skool tydens hierdie sessies besoek het. Daar is veral aandag gegee aan waardes en die klem het geval op eerlikheid, betroubaarheid, integriteit en lojaliteit. ‘n Hoogtepunt vir die leerders is altyd die lofliedere wat gesing word. Mnr. Booysen is die skakelpersoon en saam met die CSV-span sien hul om na die leerders se geestelike behoeftes.
- Senior VRL – Die Senior VRL het na twee jaar weer normal gefunksioneer en gehelp met dissipline in die rye en gange. Hulle het ook gehelp om die waarde van elke maand bekend te stel deur praatjies in die saal te lewer en het plakkate in die gange opgesit. Daar is ook twee baie suksesvolle sokkies gehou nl. ‘n Valentysbal met die tema “007” en ‘n Winterbal met die tema “Winter Wonderland”. Baie dankie vir elke VRL-lid wat hulle tyd opgeoffer het vir diens aan die skool.
- LANDSDIENS - Hierdie jaar se opening was baie suksesvol en leerders het aan n Masterchef kompetisie deelgeneem, en hamburgers gemaak met n geheime bestanddeel. Leerders help in die groentetuin en as uitreiking na die gemeenskap word die outehuis besoek. Die skoolprojek was die verfraaiing van die muur met kleurvolle potplante. Twee leerders word gekies vir die Nasionale kamp aan die einde van 2022, Elzé Marais en Phillip Olivier.
- TAALBOND – Die tweetaligheidseksamen vind jaarliks plaas en leerders skryf vrywillig in.
- BIBLIOTEEK- Die biblioteek word ongelooflik goed ondersteun deur ons leerders. Dit het bygedra vir ‘n groot-liefde-vir- leeskultuur. 2022 het afgeskop met 132 nuwe boeke. Die beste Afrikaanse en Engelse leesboeke op die mark. Die 17 biblioteekprefekte is vir seker die hartklop van die biblioteek. 2022 is ook ons 10de verjaarsdag!

5.2 LEIERSKAP

- BK 2022: Amaris Strydom, Amy Gertsen, Bertha Bopheka, Brooklyn Kiewiets, Chrsi Carstens (Hoofseun), Nienke Strauss (Hoofdogter), Eben Carstens, Franco de Kock, Henrecia Wiese, Janie Marais (Onderhoofdogter), Jaylee-Ann Antonie, JG van Deventer (Onderhoofseun). Voogde: Mev. Van Niekerk en mnr. Olivier.
  Die BK begin met ‘n opleidingsessie oor leierskap wat deur verskeie personeel aangebied is. Dit bepaal die samewerking en groepwerk vir die volgende jaar. Verskeie projekte is aangepak waar hul uitreik na die gemeenskap en so hul menswees ontwikkel. Hul hoogtepunt was egter Mnr en Mej HSM. Die leerders het hard gewerk om van hierdie aand ‘n sukses te maak. Hul laaste amptelike funksie is die OSKAR saal waar erkenning aan mede-leerders gegee word. Die BK sluit dus die jaar op ‘n hoogtepunt af. Die BK se termyn verstryk aan die einde van die derde kwartaal, wanneer die nuwe BK begin.

- SENIOR VLR 2022: (Gr. 10) Stefanie Burger, Nina Beukes, Jessica Schoeman, Rossouw Kriel, Anané Saunders, Jaylin Isaacs; (Gr. 11) Willem Nel, Carli Prins, Nina Stemmet, Jenelle Beukes, Anri Gouw, Liam Pekeur.
  Die hoogtepunt was die Senior Winterbal. Die voogde is mev. Joubert en mnr. Van Brouwershaven.

- JUNIOR VLR 2022: (Gr. 8) Sergio Burger, Jacobus Beukes, Elissa Conradie, Janae le Roux, Emma Olivier, Ruby Rose O’Shea; (Gr. 9) Kezia Malgas, Jaywin Noemdo, Emma Carstens, Amy-Leigh Shirley, Halle Joseph, Jomar Hanekom.
  Die Junior VLR is ywerig en pak verskeie projekte aan. Hul beeld die waardes van die maand uit deur die aansteekborde gereeld aan te pas en die waardes sigbaar in die skool te maak (plakkate). Die pilare in die aantreeblad word ook geverf. Hul hoogtepunte sluit die Junior VLR sokkie in, waar leerders wat nog nooit by ‘n sokkie was, geleer dans het, asook die Junior Winterbal. ‘n Baie suksesvolle Color Run is ook deur hul geïnisieer waar soveel moontlik leerders en onderwysers betrek is. Hul harte klop warm vir die gemeenskap en tydens hierdie projek word blikkies kos ingesamel wat aan ‘n nie-winsgewende organisasie geskenk is. Hierdie is ‘n sterk span met goeie samewerking wat altyd bereid is om nuwe projekte aan te pak onder leiding van mev. Immelman en mnr. Booysen.

- Die verkiesing van die leiers vir 2023 is reeds in die derde kwartaal afgehandel. Die BK van 2023 het op 1 September begin diens doen, terwyl die VRL rade aan die begin van die vierde kwartaal sal diens doen. Die graad 8 VLR vir 2023 sal gedurende die eerste kwartaal van 2023 verkies word.

- Die leerder leierskap van die skool is gesond en onder leiding van die verskeie voogde word die waardes van Monties uitgeleef.

6. SPORT

- RUGBY-Die rugby van Hoërskool Montagu het ‘n baie goeie 2022 seisoen beleef.
  Daar was vanjaar 6 rugbyspanne, en kon ons meeding met al die groot skole in ons omgewing. Dit was veral die o/19 A, o/19 B en die o/16 A span wat vanjaar met mooi hardloop rugby uitgestaan het.
  By die jaarlikse interskole wen al ons rugbyspanne, behalwe een span en die o/19 A span wen die hoofwedstryd met baie mooi telling van 49-8.
  Daar word vanjaar weer heelwat van ons spelers opgeneem in die Noord-Boland rugbyspanne. Baie geluk aan die volgende spelers
  O/19 Ronaldo Koker, Juhan Venter en O/15 Rossouw Kriel, Vernill Okkers, Chadwin-Dee Lottering en Udo- Sergio Windvogel.
  Ons het ook vanjaar ‘n nuwe toevoeging tot Monties rugby gehad naamlik 7’s rugby onder leiding van Mnr. Duan van Brouwershaven en Mnr. Pieter Booysen. Ons O/15 en O/17 7’s spanne neem aan ‘n verskeidenheid toernooie deel en vaar uitstekend. Ons O/17-span eindig onder die top 12 spanne in die land wat genooi word na die Frogfoot 7’s finaal wat 5 November plaasvind op Loftus Versveld, Pretoria. Almal is nou bewus van Hoërskool Montagu se 7’s rugbyspanne.
  Baie dankie aan elke rugbyafrigter vir die harde werk en lang ure, maar ook vir die lekker tye saam en al die wenne. Ook ‘n spesiale dank aan al ons spelers vir jul goeie gesindheid en mooi rugby, mag volgende jaar 2023 nog ‘n beter seisoen wees.
- KRIEKET -Die krieket by Hoërskool Montagu het vanjaar weer goeie rekenskap van hulself gegee. Ons skryf vanjaar weer 3 spanne in die liga in, naamlik o/19 A, O/15 A en ‘n dogters krieketspan.
  Die o/19 A span wen wedstryde teen Drostdy, Robertson en Worcester Gimnasium en die o/15’s het ‘n mooi interskole oorwinning teen Bredasdorp behaal.
  Die krieket is weer aan die gang en elke span sal 3 wedstryde in die 4de kwartaal speel.
- SKAAK- HSM se skaakspelers het vanjaar uitgeblink. Hulle het slegs een kragmeting (teen HS Charlie Hofmeyr) verloor.
  Vier skaakspelers is opgeneem in die Kaapse Wynland Skole-skaakspan: Raynard Mitchell, Geriant Segelaar, Zaywon Kana en Stephanie Scheepers.
  Geriant Segelaar is gekies om Suid-Afrika te verteenwoordig by die Afrika Jeug-skaakkampioenskappe wat van 2-10 Julie in Lusaka in Zambië plaasgevind het.
- HOKKIE-Ons het vanjaar twee seuns- en twee dogtershokkiespanne gehad. Twee hokkiespelers het vanjaar hul Bolandkleure verwerf. Beulah Beukes is in die 0/14 Boland hokkiespan opgeneem wat gedurende die Julie-vakansie in Bloemfontein aan ‘n toernooi deelgeneem het. Linique van Wyk is in die o/18 IPT B-span opgeneem wat gedurende die Julie-skoolvakansie in Stellenbosch aan ‘n toernooi deelgeneem het.
  Vyf hokkiespelers is gedurende die hokkieskool, in die Maartvakansie, gekies om as deel van die Elsie Coetzer Hokkieskool in Nederland te toer. Daniel Lewis, Linique van Wyk, Petri Fourie, Eben Carstens, Thomas Gordon en Me.

Salomé Burger(spanbestuurder) het gedurende die Oktober skoolvakansie Nederland besoek.

- TENNIS-Daar is 6 tennisspanne, 3 seuns en 3 dogters, wat hierdie jaar in die Bolandliga deelgeneem het. Al 6 spanne het mooi tennis gespeel met die 3de dogters span het besonders goed presteer het met ‘n 2de plek op die ranglys. Ons lewer ook 2 Boland Platteland spelers op, Nina Beukes O/16 en Eben Carstens O/18. Baie dankie vir al die afrigters se entoesiasme en positiewe gesindheid langs die tennisbaan.
- GHOLF-Daar is 1 gholfspan hierdie jaar. Hulle het in 4 toernooie deelgeneem aan die begin van die jaar. Dit is nog ‘n jong span en het goeie ervaring opgedoen deur in hierdie toernooie te speel. Hierdie jong span het toe vir Bredasdorp ‘n gholf les geleer by die Interskole met ‘n 49-25 oorwinning. Jaydwin Wiese was die ster van die dag met 23 punte. Net 2 minder as Bredasdorp se hele span. Welgedaan manne!
- ATLETIEK-Na twee jaar van Covid se sport-droogte, was die **Kleurbyeenkoms** van 2022 die belofte van ‘n “gewone” jaar wat voorlê. Net 3 Rekords word verbeter. Duidelik was daar lanklaas sport beoefen! Die Groenspan **wen** ‘n baie opwindende byeenkoms, terwyl die Rooispan die **pawiljoenbeker** verdienstelik inpalm.
  ‘n Baie suksesvolle **Langeberg Sonebyeenkoms** word deur HS Montagu aangebied. 14 Skole uit die streek met 520 atlete neem deel.
  Monties verower onder andere 22 eerste plekke.
  By die **Boland-byeenkoms** verwower 4 atlete medaljes en word opgeneem in die Bolandspan. Drie brons medaljes en een Goud (Elissa Conradie in Spiesgooi) word verower.
  By die **Wes-Kaap Kampioenskappe** verower Eilisa Conradie ‘n silwer medalje.
- NETBAL-Die 14 netbalspanne neem deel aan 10 sportdae, terwyl die eerste span ook ‘n toernooi bywoon. Die Langeberg Soneproewe word deur HS Montagu aangebied. 9 skole uit die streek, 30 beamptes en 155 spelers woon die geleentheid by.24 spelers word tot die Sonespan verkies. Na drie verdere rondtes proewe is Monties trots op Carli Prins en Tasneem Steyn wat tot die Wes-Kaapproewe vorder. Beide word opgeneem in die Wynlande HS Netbalspan van hul ouderdom. Hulle speel tydens die Julie-vakansie op Wellington in die WP-Interdistrikte Netbaltoernooi. Carli is die kaptein van die 0/17’s. Haar span wen goud by hierdie toernooi.Verder slaag Carli ook haar skeidsregterseksamen vlak 1 en 2. Die netbal Eerstespan moet noodgedwonge ‘n nuwe afrigter kry toe juf Mari-Lena Joubert trou. Groot dank aan me. Melanie Marais wat met baie netballiefde en -ervaring die span soomloos verder kon neem deur ‘n baie suksesvolle seisoen.Hul goeie wen-tellings sluit buurskole in: Swellendam, Robertson, Bonnievale. Ook Caledon, Piketberg en HS Langehoven (Riversdal). Baie dankie ook aan me. Stephanie Carstens en me. Chrissie Burger wat as afrigters soveel bygedra het tot die Montie-netbal.Die leerders wat by elke wedstryd as netbal-assistente opgetree het, het waardevolle werk gelewer. Monique Cox en veral Haniqwa Christoffels verdien groot lof. HS Montie-netbalspeelsters is dankbaar vir die geleentheid om aan omtrent 80 wedstryde te kon deelneem: vir die wen-tellings, maar ook die kans om te ontwikkel. Baie dankie aan elke afrigter wat deur die pragtige spel van netbal lewenswaardes kon belê in ons speelsters.

7. GROND EN GEBOUE

Fisiese Geriewe / Terrein / Toerusting

Die geboue/terrein en toerusting komitee, onder leiding van mnr. Willem Sadie, is baie aktief. Daar is die afgelope jaar talle projekte aangepak, wat onder andere die volgende insluit: opgradering van die hokkievelde en omheining, plant van bome, ekstra bankies as sitplekke, die opgradering van die krieketkolfblad, herstelwerk en verbetering van die trekker, opknapping van kantore en werkskamer, opgradering van toegangsbeheer en algemene verbeteringe en instandhouding. Mnr. Strydom en sy span werkers sorg dat ons terrein netjies is en die skoolgebou en toerusting ‘n voorbeeld is vir die meeste ander skole. Meer as R400 000 is hierdie boekjaar uit eie fondse bestee aan onderhoud en instandhouding. Ons is tans besig, in samewerking met Laerskool Montagu, om nog twee hokkievelde te ontwikkel op die skool se landboutuin.

8. DISSIPLINE

Dissipline en Skoolbywoning

Die pad na ‘n suksesvolle skool begin by dissipline, wat op sy beurt begin by korrekte skooldrag en goeie klaskamerdissipline. Die gedragskode vir 2022 is aan die begin van die jaar met elke leerder in die skool behandel en elkeen het 'n afskrif daarvan ontvang. Daar word van die onderwyspersoneel en leerlingleiers verwag om die gedragskode toe te pas en afwykings dadelik aan te spreek. Oor die algemeen kom die groter meerderheid van ons leerders die gedragskode nougeset na.

Goeie maniere en die regte waardes is die grondslag vir die gesonde voortbestaan van ons skool, dorp en land. Hoërskool Montagu streef daarna om te help verseker dat dit wel die geval is, deur spesifieke waardes en beginsels jaarliks na te streef en uit te leef. Die skool se Dissipline- en Beleidskomitee, onder leiding van mnr. Tertius Prins, sorg dat alle beleidstukke in plek is. Oor die algemeen is die dissipline van HSM goed. Kleredrag van die leerlinge is netjies en korrek, hulle gedrag is goed en akademiese verpligtinge word nougeset nagekom. Die huidige dissiplinestelsel werk goed en wanneer afwykings voorkom, word die nodige stappe geneem wat die volgende insluit: strafklasse, ouergesprekke, die weerhouding van voorregte en tydelike skorsing. Min ernstige dissiplinêre oortredings het die afgelope jaar plaasgevind en slegs `n paar dissiplinêre gesprekke het plaasgevind. Oor die algemeen is ons leerders se skoolbywoning baie goed en is die gemiddelde weeklikse teenwoordigheidsyfer bo 95%.

9. WAARDES

Waardes (T2P)

Daar is vir elke maand ‘n waarde geïdentifiseer. Daar word elke maand op ‘n spesifieke waarde gefokus. Die Junior VRL, Senior VRL en die Bestuurskomitee werk om die beurt om die waardes aan die skool bekend te stel elke maand. Die waarde word bekendgestel in die saal, asook geïmplimenteer in die skool. Die waardes was soos volg:

MAAND	WAARDE	GROEP
JANUARIE	DISSIPLINE	BK
FEBRUARIE	INTEGRITEIT	SNR VRL
MAART	EERLIKHEID	JNR VRL
APRIL	LOJALITEIT	BK
MEI	VRIENDELIKHEID	SNR VRL
JUNIE	OMGEE	JNR VRL
JULIE	TOEGEWYDHEID	BK
AUGUSTUS	BETROUBAARHEID	SNR VRL
SEPTEMBER	DOELGERIGTHEID	JNR VRL
OKTOBER	VERANTWOORDELIK	NUWE BK
NOVEMBER	DANKBAARHEID	NUWE VRL
DESEMBER	DIENSBAARHEID	

Daar is baie moeite gedoen met die implementering van die waardes. Die jaar het afgeloop soos beplan en die rade het hulle goed van hul taak gekwyt. Die waardes implementering elke maand, lê klem daarop dat die leerders nie net vakinhoud by die skool leer nie, maar dat daar ook aan hul menswees gewerk word. ‘n Gebalanseerde leerder is ‘n gesonde leerder.

10. KOSHUIS

Koshuis

Huis van Velden Koshuis is ‘n koshuis vir die Hoër- en Laerskool. Daar is tans dertig leerders in die koshuis, elf seuns en negentien dogters. Daar is nege personeellede wat in die koshuis woon. Ons koshuispersoneel het baie gewissel die jaar. Drie van die vyf personeellede tree af dié jaar. Ons het reeds twee van die drie poste gevul en is tans besig om die derde pos te vul. Die koshuis het ‘n suksesvolle jaar gehad op alle gebiede. Ons het minimale dissiplinêre gevalle gehad. Ons fokuspunt vir die jaar was om die koshuislewe so lekker as moontlik te maak, maar terselfdertyd ‘n goeie balans te handhaaf. Die koshuis bied ‘n veilige omgewing, ‘n standvastige roetine met vaste etenstye, studietye, asook genoeg tyd om sosiaal te verkeer. Ons leerders presteer dus goed akademies. Ons het leerders wat in die top 20 in hul grade lê. Ons het ook leerders wie se punte dramaties verbeter het vandat hulle besluit het om by die koshuis aan te sluit. Die koshuisleerders het die jaar ‘n hegter band gevorm, omdat ons op sosiale gebied vir hul die geleentheid gegee het om in spanne deel te neem aan ‘n reeks speletjies. Huis van Velden sal altyd daarna streef om gebalanseerde leerders te ontwikkel.

11.SLOTOPMERKINGS EN VOORUITSIGTE 2023

Aan die einde van ‘n besige jaar, is daar vele mense aan wie dank verskuldig is. ‘n Nuwe skoolhoof en ‘n skool kan nie effektief funksioneer sonder ‘n hardwerkende personeel wat altyd bereid is om die ekstra myl te stap, ‘n betrokke Beheerliggaam, ouers/ voogde, leerders en die gemeenskap se ondersteuning nie. Baie dankie vir elkeen wat betrokke is en ‘n bydrae gelewer het vir die afgelope jaar. ‘n Besondere woord van dank aan die lede van die Beheerliggaam, onder leiding van mnr. Hannes Gous, vir harde werk, ywer en effektiewe funksionering van al die werksaamhede van die onderskeie komitees. Ook aan die lede van die skool se Ondersteunersklub, onder leiding van mnr. Jacques Carstens, vir al die projekte wat u die afgelope jaar aangepak het en Projek Voerkraal wat u beplan vir die toekoms. Ek wil ook baie dankie sê aan die skoolhoofde en personeel van ons voeder-laerskole en die personeel van Kring 1, onder bekwame leiding van mnr. Nico Solomon, vir u ondersteuning en goeie samewerking.

Ons is dankbaar vir ‘n besondere geseënde jaar vir Hoërskool Montagu en sien met groot verwagting uit na 2023. Die opheffing van die inperkingsmaatreëls en die geleentheid om weer voluit op alle terreine te kon meeding, het ‘n mens net weer laat besef hoe kosbaar die lewe is en dat ons elke oomblik voluit moet benut. ‘n Mens kan nie anders as om met dank na die afgelope twaalf maande terug te kyk nie en met entoesiasme uit te sien na 2023.

Ons leuse vir vanjaar is: “Ingesteldheid en Dissipline”. Ek wil elkeen bedank wat die afgelope jaar ‘n rol gespeel het om ons leuse uit te leef: opvoeders, leerders, ouers, oud-leerders en ondersteuners van die skool. Sonder u samewerking en ondersteuning is die prestasies wat ons vanaand eer, nie moontlik nie.

‘n Spesiale woord van dank aan al die personeel van die skool. Julle het my hande op alle terreine gesterk en is staatmakers. Ek glo dat die personeel van ‘n skool, die skool se mees kosbaarste bate is. Dit is ‘n voorreg en ‘n eer om saam met u te werk. Die sukses van die afgelope jaar was ‘n spanpoging. Ons is die skool in die gemeenskap, vir die gemeenskap. ‘n Skool met omgee-harte wat ons leerders se belange altyd sal eerste stel. Laaste, maar nie die minste nie. Alle eer en dank aan ons Hemelse Vader, sonder wie ons niks sou kon bereik nie. “Nisi Dominus Frustra” – sonder God is alles tevergeefs!

JOHAN BENADIE
Skoolhoof: Hoërskool Montagu
20 Oktober 2022